# HOOFSTUK 7

## DIE EERSTE VOLWAARDIGE VERKIESING IN SUIDWES-AFRIKA, 1926.

### 7.1. TOTSTANDKOMING VAN POLITIEKE PARTYE.

Die Suidwesters het met groot entoesiasme voorbereidings getref vir die eerste volwaardige verkiesing in Suidwes-Afrika. Administrateur G.R. Hofmeyr het die Suidwesters vanaf die begin van sy ampstermyn voortdurend versoek om partypolitiek te vermy, aangesien dit verdeeldheid sou veroorsaak onder die klein groepie Blanke Suidwesters. Dié verdeeldheid sou 'n negatiewe uitwerking hê op die toekomstige ontwikkeling van Suidwes-Afrika. [1.] Die Adviesraad het op 8 Desember 1924 'n soortgelyke houding ingeneem. Die Adviesraad het die vorming van politieke partye in Suidwes-Afrika op daardie stadium afgekeur, aangesien dit nie net ontydig was nie, maar ook skadelik sou wees vir die spoedige ekonomiese ontwikkeling van die land. Die Blankes sou daardeur verdeel word in politieke groepe, of erger nog, in kultuurgroepe. [2.] Ten spyte van hierdie vertoë is daar wel verskillende politieke partye gestig wat hulle deeglik tydens die verkiesing sou laat geld.

---

1. Mem.46: Toespraak gelewer deur Sy Edele G.R. Hofmeyr, Administrateur van Suidwes-Afrika, gedurende sy reis onlangs deur die Gebied, November 1925, pp.22-24.

2. S.W.A.A./II Unregistered Papers, Advisory Council: Advisory Council meeting: 8th December, 1924. Draft Resolutions, p.4; The Windhoek Advertiser, 20.12.1924.

## 7.1.1. DIE SUIDWESPARTY.

Die Unieparty (later die Suidwesparty) is in Julie 1924 te Windhoek onder leiding van F. van der Heever, A.P. Olivier, A. de Wet en J. Bell gestig. [3.] Die belangrikste oogmerk van die party was die ekonomiese ontwikkeling van Suidwes-Afrika en wel deur die afskaffing van die mandaat, aansluiting by die Unie van Suid-Afrika, die aanmoediging van immigrasie en die bevordering van die ontwikkeling van spoorweë en hawens. Die Unieparty het die Unieseksie versoek om mee te help met die stigting van partytakke oor die hele Suidwes-Afrika om sodoende slaggereed te wees vir die komende verkiesing. Die feit dat die Duitse seksie reeds polities deeglik georganiseerd was en volgens aanduidings die Unieseksie deeglik sou opponeer tydens die verkiesing, het as motivering vir die versoek gedien. [4.]

The Windhoek Advertiser het die stigting van die Unieparty nie gunstig ontvang nie: "It is a foolish party in that it makes its appeal to the emotions of the Union population alone." Die Duitse seksie sou die party beslis nie ondersteun nie, aangesien die partydoelstellings ten opsigte van die afskaffing van die mandaat en die inlywing van Suidwes-Afrika by die Unie hulle beslis nie sou aanstaan nie. Die koerant het gevolglik die Unieparty aangeraai om sy naam so gou as moontlik na die Suidwesparty te verander en sy konstitusie sô te wysig dat alle Blanke bevolkingsgroepe dit kon onderskryf. [5.]

---

3. Allgemeine Zeitung, 26.7.1924; Suid-Wes Nuusblad, 7.11.1924; The Windhoek Advertiser, 30.7.1924; P.S. Joubert: Partypolitieke groepering in Suidwes-Afrika sedert 1915, p.59.

4. The Windhoek Advertiser, 2.12.1925.

5. The Windhoek Advertiser, 20.9.1924 en 8.7.1925.

Die <u>Allgemeine Zeitung</u> het kort na die stigting van die Unieparty sy misnoeë uitgespreek oor die party se program van beginsels: "Es ist sehr zu bedauern, dass sich eine derartige Vereinigung gegründet hat, denn sie zwingt die anderen Bevölkerungsteile dazu, sich ebenfalls in Parteien zusammenzuschliessen, was unbedingt zur Folge haben muss, dass Südwest von Parteipolitik ebenso zerrissen und geschädigt werden wird, wie dies in der Union der Fall ist." * Die Unieparty se oogmerke, naamlik die afskaffing van die mandaat en inlywing by die Unie van Suid-Afrika, was vir die Duitse seksie onaanvaarbaar. Hulle het die instelling van 'n verteenwoordigende regering vir Suidwes-Afrika bepleit, sodat die Suidwesters hulle eie toekoms kon bepaal.[6.]

In die lig van die toenemende kritiek het die Unieparty tydens sy kongres van 26 en 27 Januarie 1926 sy naam na die Suidwesparty verander. Kolonel B. Smit is tot partyleier verkies. Tydens die kongres het die Suidwesparty uitdruklik verklaar dat hy hom van die Unie se partypolitiek distansieer en die belange van Suidwes-Afrika as eerste prioriteit op die hart dra.[7.] Dié optrede het die party meer aanvaarbaar vir die ander Blanke bevolkingsgroepe gemaak. <u>The Windhoek Advertiser</u> was van mening dat die naamsverandering geïnterpreteer kon word asof die Suidwesparty die inlywingskwessie voortaan sou bejeën as "a sentimental matter and not one upon which the Party will concentrate attention."[8.]

---

* "Dit is te betreur dat sodanige vereniging gestig is, want dit dwing die ander bevolkingsgroepe om hulle eweneens in partye te verenig, wat bepaald sal veroorsaak dat Suidwes-Afrika net so deur partypolitiek verdeel en benadeel sal word soos wat dit die geval in die Unie is."

6. Allgemeine Zeitung, 26.7.1924.

7. Ons Vriend, 28.1.1926 en 4.2.1926; The Windhoek Advertiser, 27.1.1926 en 30.1.1926.

8. The Windhoek Advertiser, 30.1.1926.

## 7.1.2. DIE NASIONALE PARTY VAN SUIDWES-AFRIKA.

Die Nasionale Party van Suidwes-Afrika is op 26 Julie 1924 te Mariental gestig. Prokureur F.J. Jooste is tot partyleier verkies.[9.] Die Nasionale Party het, net soos die Suidwesparty, hom beywer vir die opheffing van die mandaat en die inlywing van Suidwes-Afrika by die Unie.[10.] Die Nasionale Party was gevolglik nie gewild by die Duitse seksie nie. Die Allgemeine Zeitung het die Nasionale Party aangeraai om, indien hy steun uit die Duitse geledere wou bekom, onomwondete verklaar, "dass sie nicht nur für holländische Nationalität, sondern auch für volle Gleichberechtigung der Deutschen eintreten will." * [11.]

The Windhoek Advertiser, wat samewerking tussen die verskillende Blanke bevolkingsgroepe bepleit het, was nie baie ingenome met die stigting van die Nasionale Party nie. Die koerant se leuse van "South West Africa first" het lynreg gestaan teenoor die Nasionale Party se standpunt van "Suid-Afrika Eerste" [12.] Die Nasionale Party was hoofsaaklik beperk tot die Afrikaners en het verder bygedra tot politieke verdeeldheid in Suidwes-Afrika.

---

9. Allgemeine Zeitung, 9.8.1924.

10. Suid-Wes Nuusblad, 8.8.1924.

* "... dat hy nie net vir die Hollandse nasionaliteit nie, maar ook vir volle gelyke beregtiging van die Duitsers sal intree."

11. Allgemeine Zeitung, 17.12.1925.

12. The Windhoek Advertiser, 12.9.1925; Suid-Wes Nuusblad, 5.9.1924.

Die Nasionale Party van Suidwes-Afrika is voortdurend aangeval oor sy moontlike verbintenis met die Nasionale Party van Suid-Afrika. Die verduideliking in dié verband deur die partyleier, F.J. Jooste, is insiggewend: "Om moontlike misverstand omtrent die Partyverhoudinge te voorkom, wens ek vooraf onder u aandag te bring dat die Nasionale Party vir Suidwes 'n selfstandige politieke Party is en dat dit in generlei wyse onderworpe is aan of verantwoordelik is voor die handelwyse van die Nasionale Party van die Unie - en dit nieteenstaande die feit dat gemelde partye dieselfde beginsels en gevoelens huldig." [13.]

The Windhoek Advertiser wou Jooste se verduideliking nie aanvaar nie en was oortuig daarvan dat die Nasionale Party van Suidwes-Afrika bloot 'n tak was van die Nasionale Party van Suid-Afrika. Die koerant het gevolglik verklaar dat: "It has no place in South West Africa: it is an excrescence and an absurdity. It annoys and amuses us exactly as a branch of the South African Party would annoy and amuse us if it were established here." [14.]

Die program van beginsels van die Nasionale Party wat as platform sou dien waarop die verkiesing tegemoet gegaan sou word, was baie gematig. Die kwessie van die opheffing van die mandaat en inlywing by die Unie is opgelopend weggelaat. Die Nasionale Party sou hom beywer vir die uitbreiding van die landnedersettingstelsel en die praktiese uitvoering daarvan deur onder andere die instelling van afdelingskommissies; die verbetering van binne-

---

13. Suid-Wes Nuusblad, 26.5.1925.

14. The Windhoek Advertiser, 8.7.1925.

landse spoorverbindings en regstreekse verbinding met die Unie van Suid-Afrika; die ontwikkeling van die voorgestelde Duitse nedersettingskemas aan die Visrivier; verbetering van Nie-Blanke wetgewing en die toekenning van uitgebreider polisiemagte in dié verband, asook die instelling van 'n praktieser onderwysstelsel en beter onderwysgeriewe. Die Nasionale Party het hom ook bereid verklaar om met enige ander party saam te werk indien hulle onderskeie strewes dit moontlik sou maak. [15.]

7.1.3. DIE DEUTSCHER BUND.

Die Deutscher Bund is op 3 September 1924 te Windhoek onder leiding van dr. F. Brenner gestig. [16.] Die organisasie is as reaksie teen die politieke bedrywighede van die Unieseksie in die lewe geroep. [17.] Die Deutscher Bund het by verskeie geleenthede uitdruklik verklaar dat dit 'n kulturele organisasie is wat deur die sameloop van omstandighede genoodsaak is om tot die politiek toe te tree. [18.] Die Deutscher Bund was in werklikheid die enigste oorkoepelende Duitse organisasie wat vir die Duitse saak tydens die 1926-verkiesing kon veg. Die verkiesingsukses wat deur die organisasie behaal is, spreek duidelik uit die feit dat die Duitse seksie sewe van die vyf setels gewen het.

Die program van beginsels waarop die Deutscher Bund die

---

15. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.96 Deutscher Bund, Gobabis: Die Nasionale Party van Suidwes-Afrika. Program van aksie, 8.12.1925; Ons Vriend, 17.12.1925; The Windhoek Advertiser, 12.12.1925.

16. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.95 Deutscher Bund, Rundschreiben: Rundschreiben no.5/1925, 18.3.1925, s.p.

17. The Windhoek Advertiser, 24.9.1924.

18. Allgemeine Zeitung, 11.7.1925; The Windhoek Advertiser, 20.5.1925.

verkiesing tegemoet gegaan het, het 'n wye verskeidenheid sake behels. In teenstelling met die Suidwesparty en die Nasionale Party van Suidwes-Afrika, het die Deutscher Bund die behoud van die mandaatskarakter van Suidwes-Afrika en die spoedige uitbreiding van selfbestuur los van die Unie van Suid-Afrika bepleit. [19.] Die Allgemeine Zeitung het hierdie politieke strewe van die Deutscher Bund onderskryf en verklaar: "Die politischen Punkte, an denen wir festhalten müssen und werden, sind Wahrung des Mandatcharakters des Landes und Hinarbeiten auf baldige Erweiterung der Befugnisse und Vollmachten des Landesrats." * [20.]

Die Deutscher Bund het hulle verder beywer vir die gelykstelling van al drie Blanke bevolkingsgroepe betreffende taal, skole, aanstellingsmoontlikhede, immigrasie en die toekenning van lisensies. Die organisasie wou die ekonomiese welvaart van die land bevorder deur nedersetting- en landbou-ontwikkeling; deur die spoedige uitbreiding van die bou van spoorlyne en die teruggawe van die eiendomsreg van die spoorweë aan Suidwes-Afrika; die verbetering van die invoer- en verkeerswese ooreenkomstig die behoeftes van die land, asook die benutting van alle oorskotte van die Administrasie, verkeersinstellings en die

---

19. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.93 Deutscher Bund, Protokolle: Auszug aus dem Protokoll der Jahreshauptversammlung des Deutschen Bundes in Windhuk am 3. April 1926, p.6.

* "Die politieke aspekte waaraan ons moet en sal vashou, is die bewaring van die land se mandaatkarakter en beywering vir die spoedige uitbreiding van die bevoegdhede en volmagte van die Adviesraad."

20. Allgemeine Zeitung, 24.3.1926.

diamantbedryf uitsluitlik vir die ontwikkeling van Suidwes-Afrika. Die Deutscher Bund het hom verder beywer vir die hantering van die Nie-Blanke vraagstuk in ooreenstemming met die besondere omstandighede van die land; maatskaplike sorg en wetgewing rakende die behoeftiges; die aanpassing van alle wetgewing ooreenkomstig die besondere landsomstandighede, asook die skeiding van Justisie en Administrasie.[21.]

## 7.1.4. DIE SUIDWES-AFRIKAANSE EKONOMIESE UNIE.

Dié party wou die verskille wat as gevolg van nasionale sentimente onder die Blankes bestaan het, elimineer en samewerking tussen die verskillende Blanke bevolkingsgroepe bewerkstellig.[22.] Tydens 'n vergadering te Omaruru op 26 Augustus 1925, is besluit om 'n politieke vereniging in die lewe te roep. Die ongeveer vyftig aanwesiges het beide die Duitse en Unieseksie verteenwoordig. S. Procter, sameroeper van die byeenkoms, is tot voorsitter van die Omaruru Politieke Vereniging verkies.[23.] Okahandja, Otjiwarongo en Karibib het Omaruru se voorbeeld gevolg en soortgelyke organisasies gestig.[24.]

Die verskillende politieke verenigings het op 20 Januarie 1926 te Swakopmund vergader met die doel om die verskillende verenigings te amalgameer en die party op 'n hegter grondslag te plaas. Die aanwesiges het besluit dat die geamalgameerde politieke verenigings as die Suidwes-Afrikaanse

---

21. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.93 Deutscher Bund, Protokolle: Auszug aus dem Protokoll der Jahreshauptversammlung des Deutschen Bundes in Windhuk am 3. April 1926, pp.6-7.

22. The Windhoek Advertiser, 15.8.1925.

23. The Windhoek Advertiser, 2.9.1925.

24. The Windhoek Advertiser, 9.9.1925 en 30.9.1925.

Ekonomiese Unie bekend sou staan. [25.]

In hul program van beginsels het hulle aandag gegee aan 'n wye verskeidenheid sake. Die mandaatstatus van Suidwes-Afrika moes voorlopig onveranderd gelaat word. Samesprekings oor die verandering daarvan moes eers gevoer word wanneer die land 'n meer gevorderde stadium in sy politieke en ekonomiese ontwikkeling bereik het. Die Unie sou hulle ook beywer vir ten volle gelyke taalregte, die uitbreiding van die bevoegdhede soos toegestaan onder die 1925-konstitusie, verbetering van die belastingstelsel, die ontwikkeling van die spoorweë en hawens, verbeterde Nie-Blanke wetgewing, ontwikkeling van die mineralebronne, verbetering van die vee-uitvoerstelsel, gelyke behandeling van alle Blanke immigrante en bevordering van immigrasie in die algemeen, asook die verbetering van besproeiingskemas, die posisie van Blanke arbeid en onderwys. [26.]

Die party het 'n resolusie aanvaar dat alle politieke partye in Suidwes-Afrika moes saamsmelt om sodoende 'n verenigde party tot stand te bring. Die party was vasbeslote om samewerking tussen die Duitse en Unie-seksie 'n realiteit te maak. [27.]

Die samewerkingsideaal wat deur die drie vernaamste Suidwes-Afrikaanse koerante, naamlik die Suid-Wes Nuusblad,

---

25. The Windhoek Advertiser, 6.3.1926.

26. The Windhoek Advertiser, 6.3.1926.

27. The Windhoek Advertiser, 6.3.1926.

Allgemeine Zeitung en The Windhoek Advertiser verkondig is, het deur die stigting van die Suidwes-Afrikaanse Ekonomiese Unie 'n belangrike inspuiting gekry. Die Suid-Wes Nuusblad het byvoorbeeld reeds in Februarie 1924 verklaar: "Wat ons hier te doen staan is om alle verskil in die sak te steek en saam te werk op politieke gebied waardeur ons die grootste voordele sal behaal en bes in staat sal wees om te sorg vir die ontwikkeling en behoorlike beheer van die lands sake." [28.]

## 7.1.5. DIE KONSTITUSIONELE PARTY VAN SUIDWES-AFRIKA.

Die Konstitusionele Party is in Februarie 1926 onder leiding van kolonel M.J. de Jager gestig. Kolonel de Jager wou alle gematigde Suidwesters in een party verenig en daarom het hy 'n beroep gedoen op die kiesers om takke van die party dwarsoor die land te stig. [29.] Die Konstitusionele Party se program van beginsels het 'n wye verskeidenheid sake behels. Die party het die stiptelike uitvoering van die bepalinge van Uniewet no. 42 van 1925 beoog en het hom die behartiging en bevordering van die algemene belange van die land en sy inwoners ten doel gestel. Verder sou die party hom beywer vir die handhawing van die burgerregte en die gesag van die Blanke bevolking, verbetering van die arbeidsituasie, aanmoediging en ondersteuning van landnedersetting en immigrasie, die landbou-ontwikkeling en in besonder die verbetering van die veerasse, die verkryging van goeie markte, die aanmoediging van mynbou en industrieë, die uitbreiding

---

28. Suid-Wes Nuusblad, 22.2.1924.

29. Allgemeine Zeitung, 20.2.1926; The Windhoek Advertiser, 20.2.1926.

van die spoorweë en ander kommunikasienetwerke, die verbetering van die onderwysstelsel, asook die bevordering van die landsekonomie langs konstitusionele weë. [30.]

Die Konstitusionele Party se vernaamste strewe was om samewerking tussen die verskillende Blanke bevolkingsgroepe te bewerkstellig. Party- en nasionaliteitspolitiek moes dus vermy word, aangesien dit verdeeldheid sou veroorsaak. [31.] Die Party is gevolglik deur The Windhoek Advertiser ondersteun, aangesien die koerant 'n sterk voorstaander was van die samewerkingsideaal. Die Party kon maklik aansluiting vind by die noordelike politieke verenigings, aangesien hulle oogmerke feitlik dieselfde was. [32.]

Die ideale party vir Suidwes-Afrika moes volgens die Allgemeine Zeitung hom beywer vir die volgende aspekte: die bevordering van die landsekonomie deur die implementering van 'n ekonomiese program wat daarop gemik was om Suidwes-Afrika eerste te stel, die vermyding van nasionaliteitspolitiek, die beywering vir ten volle gelyke regte van al drie Blanke bevolkingsgroepe en die bewaring van die land se mandaatstatus. [33.]

Die onderskeie partye was slaggereed vir die komende verkiesing. Die Unieseksie was verdeel in vier verskillende

---

30. Ons Vriend, 18.2.1926; Allgemeine Zeitung, 20.2.1926; The Windhoek Advertiser, 20.2.1926.

31. Ons Vriend, 18.2.1926; Allgemeine Zeitung, 20.2.1926; The Windhoek Advertiser, 20.2.1926.

32. The Windhoek Advertiser, 20.2.1926.

33. Allgemeine Zeitung, 19.12.1925.

politieke partye, naamlik die Suidwesparty, die Nasionale Party van Suidwes-Afrika, die Suidwes-Afrikaanse Ekonomiese Party en die Konstitusionele Party van Suidwes-Afrika. Daarteenoor het die Duitse seksie 'n verenigde front gevorm.

## 7.2. DIE VERKIESINGSVELDTOG.

Die plaaslike pers het reeds voor die verkiesing bespiegel oor die moontlike verkiesingsuitslag. So byvoorbeeld het die Allgemeine Zeitung op 22 Maart 1926 getalle gepubliseer wat die getalleverhouding tussen die Duitse en Unieseksie in die onderskeie distrikte aangedui het. Daarvolgens het die Duitse seksie oor 2814 stemme (46,2%) en die Unieseksie oor 3279 (53,8%) stemme beskik. Die Duitse seksie was in die meerderheid in die kiesafdelings Grootfontein, Kolmanskuppe, Lüderitz, Okahandja, Windhoek-Sentraal, Swakopmund en Omaruru. Daarteenoor het die Unieseksie oor 'n meerderheid beskik in die kiesafdelings Gibeon, Gobabis, Keetmanshoop, Warmbad en Windhoek-Distrik. Die Duitse seksie kon, indien hulle 'n verenigde front sou vorm, die verkiesing met 'n meerderheid van twee setels wen.(vgl. fig.3) [34.]

Die samewerkingsideaal wat deur die plaaslike pers brandend gehou is, het 'n groot stoot vorentoe gekry deur die totstandkoming van die Suidwes-Afrikaanse Ekonomiese Unie

---

34. Allgemeine Zeitung, 22.3.1926.





Fig.3 Die verhouding van die geregistreerde kiesers in die 12 kies= afdelings met onderverdeling tussen Duitse (D) en Unieseksie (U)

en die Konstitusionele Party van Suidwes-Afrika. Dié twee partye is gestig met die uitsluitlike doel om samewerking tussen die drie Blanke bevolkingsgroepe 'n realiteit te maak. Die drie vernaamste partye in Suidwes-Afrika, naamlik die Nasionale Party van Suidwes-Afrika, die Deutscher Bund en die Suidwesparty het hulle beywer om samewerking tussen die Blanke Suidwesters te bevorder. Die vyf politieke partye se programme van beginsels het ook verskeie ander raakpunte vertoon. So byvoorbeeld het hulle almal die bevordering van die ekonomiese welvaart van Suidwes-Afrika beoog. Die gees van samewerking het uiteindelik uitgeloop op die sluiting van verkiesingsooreenkomste.

Die Nasionale Party van Suidwes-Afrika en die Suidwesparty het albei gestreef na die opheffing van die mandaat en die inlywing van Suidwes-Afrika by die Unie van Suid-Afrika. Dit was dus geen verrassing toe die eerste verkiesingsooreenkoms tussen dié twee partye gesluit is nie. F.J. Jooste, leier van die Nasionale Party van Suidwes-Afrika, het aanvanklik die verdeling van setels voorgestel. Die Duitse seksie moes ses setels kry, terwyl vier setels aan die Nasionale Party en twee setels aan die Suidwesparty toegeken moes word.[35]

Dié voorstel is tydens die Suidwesparty se kongres van Januarie 1926 bespreek, maar het geen byval gevind nie. Daar is toe besluit om 'n deputasie na Mariental te stuur om op 29 Januarie 1926 hernieude samesprekings met die Nasionale Party van Suidwes-Afrika te voer. Die deputasie

---

35. The Windhoek Advertiser, 30.1.1926; Ons Vriend, 28.1.1926.

het bestaan uit kolonel B. Smit, advokaat F. van der Heever en kolonel I.G. Lemmer. [36.] Die samesprekings is met sukses bekroon en die twee partye het onderneem om geen afbrekende kritiek teenoor mekaar te lewer tydens die verkiesing nie, maar om mekaar te ondersteun. Die grens tussen die partye se invloedsfere sou strek vanaf Gobabis, Rehoboth en Walvisbaai. Die Nasionale Party van Suidwes-Afrika sou sy werksaamhede beperk tot die gebied ten suide en die Suidwesparty tot die gebied ten noorde van die grens. Indien daar takke van beide partye in 'n kiesafdeling sou bestaan, moes daar deur stemming beslis word watter party se kandidaat verkiesbaar sou wees. Albei partye het dus onderneem om die kandidaat wat die meeste stemme sou kry, te ondersteun. Die partye het onderneem om, indien 'n nuwe tak van 'n party in 'n ander se invloedsfeer gestig sou word, die tak te oorreed om te ontbind. Albei partye het hulle ook bereid verklaar om samewerking tussen die Duitse en Unieseksie te bewerkstellig en hulle sou die Duitse leiers ontmoet om die saak te bespreek. [37.]

Die Suidwesparty se poging om 'n verkiesingsooreenkoms met die Deutscher Bund te sluit, was onsuksesvol. Die Suidwesparty se voorstel dat die twee partye hulle politieke bedrywighede tot die noordelike helfte van die land moes beperk, was vir die Deutscher Bund totaal onaanvaarbaar. [38.]

---

36. Ons Vriend, 28.1.1926.

37. Ons Vriend, 4.2.1926.

38. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.93 Deutscher Bund, Protokolle: Auszug aus dem Protokoll der Jahreshauptversammlung des Deutschen Bundes in Windhuk am 3.April 1926, pp.2-3.

ŉ Aantal Nasionaliste onder leiding van F.J. Jooste het in Maart 1926 samesprekings met die Deutscher Bund gevoer met die oog op ŉ moontlike verkiesingsooreenkoms. Jooste het voorgestel dat die twaalf setels verdeel moes word, naamlik ses setels aan die Duitse seksie en ses setels aan die Unieseksie. Die Deutscher Bund was egter van mening dat ŉ verkiesingsooreenkoms slegs van waarde sou wees indien dit die Nasionale Party, die Suidwesparty en die Deutscher Bund sou insluit. Dié onderhandelinge tussen die Nasionale Party en die Deutscher Bund het dus aanvanklik misluk omdat laasgenoemde en die Suidwesparty mekaar nie kon vind nie.[39.]

Die Deutscher Bund het tydens sy jaarvergadering van 3 April 1926 hul houding in verband met die samewerking met ander partye tydens die verkiesing duidelik uitgestip. Die Deutscher Bund was gekant teen die samesmelting met ander politieke partye. Plaaslike groepe kon egter met ander politieke partye saamwerk, maar diesulkes moes die verkiesingsoogmerke van die Deutscher Bund deeglik in ag neem en in noue voeling met die organisasie bly. Die Deutscher Bund was van voorneme om dié siening in verband met samewerking tydens die verkiesing aan die Nasionale Party oor te dra, indien laasgenoemde hulle weer eens in dié verband sou nader.[40.]

---

39. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.93 Deutscher Bund, Protokolle: Auszug aus dem Protokoll der Jahreshauptversammlung des Deutschen Bundes in Windhuk am 3. April 1926, pp.2-3.

40. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.93 Deutscher Bund, Protokolle: Auszug aus dem Protokoll der Jahreshauptversammlung des Deutschen Bundes in Windhuk am 3 April 1926, p.5.

Die saak van samewerking tussen die Deutscher Bund en die Nasionale Party het 'n stoot vorentoe gekry as gevolg van die optrede van R. Blank van Swakopmund. Hy het F.J. Jooste om hulp genader, aangesien hy van mening was dat hy nie die paal sou haal sonder die ondersteuning van die Nasionaliste nie. Hy het voorgestel dat die Nasionale Party en die Duitsers mekaar tydens die verkiesing moes ondersteun. [41.] Jooste het Blank se voorstel van wedersydse ondersteuning aanvaar, mits K.H. Altmann se kandidatuur in Gobabis teruggetrek sou word en sy party se amptelike kandidate in Gobabis, Gibeon, Keetmanshoop en Warmbad deur die Duitsers ondersteun sou word. [42.] F. Brenner, voorsitter van die Deutscher Bund, het F.J. Jooste versoek om eers die Nasionale Party se standpunt oor die behoud van die mandaatkarakter van Suidwes-Afrika en die gelykstelling van al drie Blanke bevolkingsgroepe uiteen te sit, alvorens 'n verkiesingsooreenkoms gefinaliseer sou word. [43.]

Nadat Jooste die Deutscher Bund se strewe betreffende die behoud van die mandaatkarakter van Suidwes-Afrika en die gelykstelling van die drie Blanke bevolkingsgroepe ondersteun het, is die kandidatuur van Altmann in Gobabis ten gunste van Jooste teruggetrek. [44.] Brenner was oortuig

---

41. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.96 Deutscher Bund, Gibeon: brief Blank/Jooste, 25.4.1926.

42. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.96 Deutscher Bund, Gibeon: telegram Jooste/Blank, 29.4.1926.

43. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.96 Deutscher Bund, Gibeon: brief Brenner/Jooste, 30.4.1926.

44. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.96 Deutscher Bund, Gobabis: kennisgewing Deutscher Verein Gobabis/Duitse kiesers van Gobabis, 7.5.1926.

daarvan dat 'n verkiesingsooreenkoms tussen die Deutscher Bund en die Nasionale Party noodsaaklik was om die verkiesingsuitslag, in veral die kiesafdelings Swakopmund en Okahandja, in die guns van die Duitsers te beklink.[45.]

Jooste het 'n beroep op alle Nasionaliste in die noorde gedoen om die Duitse kandidate in die kiesafdelings Swakopmund, Okahandja en Omaruru te ondersteun.[46.] Die onderskeie Duitse kandidate is elkeen van 'n afskrif van die brief van Jooste voorsien, wat dit op hulle beurt onder die Nasionaliste moes versprei.[47.] Die klaarblyklike rede daarvoor was om dié inligting so vinnig as moontlik te versprei, aangesien daar minder as twee weke oor was voor die verkiesing. Dit is opvallend dat daar nie in die plaaslike pers formeel melding gemaak is van die verkiesingsooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Deutscher Bund nie.

Brenner het op sy beurt die Duitse kiesers van die kiesafdelings Gibeon, Keetmanshoop, Warmbad en Gobabis versoek om die amptelike Nasionale Party-kandidate in dié kiesafdelings te ondersteun. Die voorsitters van die onderskeie Duitse verenigings in dié kiesafdelings moes die versoek van Brenner aan hulle lede oordra. So byvoorbeeld het Brenner die voorsitter van die Deutscher Verein van Keetmanshoop

---

45. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.96 Deutscher Bund, Gibeon: brief Brenner/L. Kayssler, 3.5.1926.

46. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.96 Deutscher Bund, Omaruru: brief Jooste/H.J. Steyn, 12.5.1926.

47. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.96 Deutscher Bund, Gibeon: brief Jooste/Brenner, 12.5.1926.

versoek om "den Mitgliedern Ihres Vereins von dieser seiner Empfehlung noch vor dem Wahltage Kenntnis zu geben, damit dadurch seiner Verpflightung aus dem Abkommen Genüge getan werde und von den Nationalisten nicht der Vorwurf erhoben werden kann, als hätte der Deutsche Bund das Abkommen nicht erfüllt." * [48.]

Die grootste voordeel van die verkiesingsooreenkoms was, volgens Brenner, dat die Nasionale Party die Deutscher Bund se program van beginsels ondersteun het. Die opoffering vir die verkiesingsooreenkoms was vir die Duitsers nie groot nie, aangesien die Duitse kandidate nie veel hoop op sukses in die kiesafdelings Gobabis en Keetmanshoop gehad het nie, terwyl daar geen Duitse kandidate in die kiesafdelings Warmbad en Gibeon was nie. [49.] Die Nasionale Party moes eweneens nie veel opoffer nie, aangesien die party buitendien geen kandidate in die kiesafdelings Omaruru, Swakopmund en Okahandja gehad het nie. [50.]

---

* "... die lede van u vereniging van hierdie aanbeveling nog voor stemdag in kennis te stel, sodat daardeur ons verpligting volgens die ooreenkoms goed nagekom word en die Nasionaliste ons nie kan verwyt dat die Deutscher Bund nie die ooreenkoms vervul het nie."

48. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.96 Deutscher Bund, Keetmanshoop: brief Brenner/Deutsche Vereine van Gibeon, Keetmanshoop en Warmbad, 14.5.1926; Deutscher Bund, Gobabis: kennisgewing Deutscher Verein Gobabis/Duitse kiesers van Gobabis, 7.5.1926.

49. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.96 Deutscher Bund, Omaruru: brief Brenner/Deutscher Verein Omaruru, 13.5.1926.

50. Ons Vriend, 14.5.1926; The Windhoek Advertiser, 5.5.1926; Allgemeine Zeitung, 5.5.1926.

## 7.3. KIESAFDELINGS EN NOMINASIES.

Die belangrike taak om Suidwes-Afrika in kiesafdelings te verdeel, is opgedra aan 'n Afbakeningskommissie, wat uit drie lede bestaan het. I.G. Lemmer van Grootfontein het die Unieseksie verteenwoordig, terwyl baron V. Kraus van Windhoek namens die Duitse seksie sou optree. Regter J.H.F.E.R.C. Gey van Pittius van die Transvaalse provinsiale afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika sou as voorsitter optree.[51]

Die Afbakeningskommissie het op 1 Februarie 1926 te Windhoek met sy werksaamhede begin en as uitgangspunt is aanvaar dat daar 6093 kiesers in Suidwes-Afrika was.(vgl. fig.4)[52] Hulle taak was om die gebied in twaalf kiesafdelings te verdeel, sodat daar sover as moontlik 'n gelyke aantal kiesers in elke kiesafdeling sou wees. Die Kommissie het dus gewerk op 'n kwota van 507 kiesers per kiesafdeling. 'n Voorlopige verdelingskema is opgestel en soveel as moontlik geleentheid is aan belanghebbende persone en partye gebied om dit te bestudeer en met versoeke of voorstelle na die Afbakeningskommissie te kom. Feitlik elke belangrike sentrum in Suidwes-Afrika is besoek met die doel om die voorlopige verdelingskema te bespreek, voordat

---

51. Buitengewone Offisiële Koerant van Suidwes-Afrika, 22.1.1926, p.411; The Windhoek Advertiser, 23.1.1926.

52. Die finale lys van die eerste registrasie van kiesers het foutiewelik aangetoon dat daar 6093, in plaas van 6091 kiesers in Suidwes-Afrika was. Die fout het ingesluip as gevolg van die duplisering van twee name op die kieserslys. Vgl. S.W.A.A./I/A.196/2 vol.1 S.W.A. Constitution Act. Delimitation Commission: Report of the first Delimitation Commission of South West Africa, 5.3.1926, pp.1-2; S.W.A.A./I/A.91/3 vol.1 Legislative Assembly, Elections: verslag Landmeter-generaal/Sekretaris van Suidwes-Afrika, 12.4.1926.





Fig. 4. Die onderverdeling van die 6091 kiesers in die 18 distrikte na die eerste registrasie.

die Kommissie tot 'n finale besluit sou kom. As gevolg van die uitgestrektheid van die gebied en groot dele wat óf heeltemal onbewoon, óf baie yl bevolk was, het die Kommissie nie 'n algemene reël neergelê wat die maksimum getal kiesers oor die kwota, of die minimum getal kiesers onder die kwota, moes wees nie.[53.] Die Kommissie het op 3 Februarie 1926 te Windhoek begin om getuienis aan te hoor rakende die afbakening van kiesafdelings.[54.]

Die Afbakeningskommissie het Suidwes-Afrika verdeel in twaalf kiesafdelings, naamlik Gibeon, Gobabis, Grootfontein, Keetmanshoop, Kolmanskuppe, Lüderitz, Okahandja, Omaruru, Swakopmund, Warmbad, Windhoek-Sentraal en Windhoek-Distrik.(vgl. fig.5)[55.] Die finale getal van die geregistreerde kiesers in die onderskeie kiesafdelings was soos volg: Gibeon (510), Gobabis (487), Grootfontein (467), Keetmanshoop (541), Kolmanskuppe (454), Lüderitz (434), Okahandja (508), Omaruru (517), Swakopmund (536), Warmbad (527), Windhoek-Sentraal (562) en Windhoek-Distrik (548).[56.]

---


53. S.W.A.A./I/A.196/2 vol.1 S.W.A. Constitution Act. Delimitation Commission: Report of the first Delimitation Commission of South West Africa, 5.3.1926, pp.1-3.

54. Buitengewone Offisiële Koerant van Suidwes-Afrika, 22.1.1926, p.411.

55. S.W.A.A./I/A.196/2 vol.1 S.W.A. Constitution Act. Delimitation Commission: Report of the first Delimitation Commission of South West Africa, appendix 1: Alphabetical list of electoral divisions, 5.3.1926; Buitengewone Offisiële Koerant van Suidwes-Afrika, 19.3.1926, p.2477.

56. S.W.A.A./I/A.91/3 vol.1 Legislative Assembly, Elections: verslag Landmeter-generaal/Sekretaris van Suidwes-Afrika, 12.4.1926.

Fig. 5. Die kiesafdelings in Suidwes-Afrika gedurende die 1926-verkiesing.



Die politieke partye het, nadat die verslag van die Afbakeningskommissie bekend gemaak is, in alle erns begin met hul voorbereiding vir die verkiesing. Tydens nominasiedag, 3 Mei 1926, [57.] is nie minder nie as agt en twintig kandidate genomineer. [58.] Van die agt en twintig kandidate was agtien boere, vier regsgeleerdes, drie handelaars en drie salaristrekkers. Die Duitse seksie het aanvanklik twaalf kandidate in die veld gehad. K.H. Altmann het in die lig van die verkiesingsooreenkoms tussen die Deutscher Bund en die Nasionale Party sy kandidatuur ten gunste van F.J. Jooste teruggetrek. Die Nasionale Party en die Suidwesparty het elk vyf kandidate gehad, die Suidwes-Afrikaanse Ekonomiese Unie een en verder was daar vyf onafhanklike kandidate. In die kiesafdelings Windhoek-Sentraal, Grootfontein, Lüderitz en Kolmanskuppe was daar slegs Duitse kandidate. [59.]

---

57. S.W.A.A./I/A.91/3 vol.1 Legislative Assembly, Elections: brief Sekretaris van Suidwes-Afrika/Ons Vriend, 7.4.1926.

58. Ons Vriend, 14.5.1926; Allgemeine Zeitung, 5.5.1926; The Windhoek Advertiser, 5.5.1926.

59. Allgemeine Zeitung, 5.5.1926; A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.96 Deutscher Bund, Gobabis: kennisgewing Deutscher Verein Gobabis/Duitse kiesers van Gobabis, 7.5.1926. <u>Ons Vriend</u> van 3 Junie 1926 (p.3) het egter verkeerdelik aangedui dat die Duitsers twaalf, die Nasionale Party vier, die Suidwesparty vyf, die onafhanklikes sewe en die Suidwes-Afrikaanse Ekonomiese Unie geen kandidate in die veld gehad het nie. Volgens die verkiesingsuitslag, wat op bladsy vier van dieselfde uitgawe verskyn het, het die Duitsers oor twaalf, die Nasionale Party vier, die Suidwesparty ses, die onafhanklikes ses en die Suidwes-Afrikaanse Ekonomiese Unie oor geen kandidate beskik nie. R. le Riche (Warmbad: onafhanklike Nasionalis) is verkeerdelik as 'n onafhanklike aangedui, terwyl S. Procter (Okahandja: Suidwes-Afrikaanse Ekonomiese Unie) verkeerdelik as 'n Suidwesparty-kandidaat aangedui is. <u>Ons Vriend</u> van 14 Mei 1926 dui R. le Riche wel as 'n onafhanklike Nasionalis en S. Procter as 'n kandidaat vir die Suidwes-Afrikaanse Ekonomiese Unie aan.

## 7.4. DIE VERKIESINGSUITSLAG.

Die Unie- en Duitse seksie was albei slaggereed vir die verkiesing. Die Duitse seksie het egter 'n voorsprong op die Unieseksie gehad, aangesien hulle 'n verenigde front gevorm het. Die samewerkingsideaal het net 'n ideaal gebly en die groot ondersteuner en propageerder van samewerking, The Windhoek Advertiser, het kort voor die verkiesing ietwat moedeloos verklaar: "At times we have felt that we were gaining ground, but recently it has become clear that the population, for reasons of one kind or another, is determined to divide into two camps. Both sides profess that the idea of cooperation is very dear to them, but they add that in order to be true to themselves they must gather into racial groups." [60.] 'n Leser van Ons Vriend het ook 'n bitter toon in dié verband aangeslaan en verklaar: "... Ons het nou tien jaar lang [sic] die hand van vriendskap uitgehou vir die Duitsers en hulle sien met veragting op ons neer daarvoor. Hulle wil nie met ons saamwerk nie." [61.]

Die grootste verskilpunte tussen die Duitse en Unieseksie was oor die behoud van die land se mandaatkarakter en die toekenning van selfbestuur aan die gebied. Die Duitse seksie was vurige voorstaanders daarvan, terwyl die Unieseksie hulle beywer het vir die opheffing van die mandaat en nouer aansluiting by die Unie van Suid-Afrika. Sommige politieke partye, soos byvoorbeeld die Nasionale Party, was

---

60. The Windhoek Advertiser, 24.3.1926.

61. Ons Vriend, 8.4.1926.

bereid om die verandering van die land se mandaatkarakter voorlopig links te laat lê. In dié verband het die Allgemeine Zeitung ietwat sarkasties opgemerk: "Wann das sein wird, vermag sie natürlich nicht zu sagen." * 62.

Die verkiesing het op Dinsdag, 25 Mei 1926, plaasgevind. 63. Die Duitse seksie het 'n groot oorwinning behaal en het sewe setels verower, naamlik Grootfontein, Kolmanskuppe, Lüderitz, Okahandja, Omaruru, Swakopmund en Windhoek-Sentraal. Daarteenoor het die Nasionale Party drie setels verower, naamlik Gobabis, Keetmanshoop en Warmbad. Die Suidwesparty het die setel Windhoek-Distrik en 'n onafhanklike kandidaat die setel Gibeon verower. 64.

Die besondere hoë stempersentasie van 76% het bewys dat die Suidwesters begeesterd na die nuwe grondwetlike bedeling uitgesien het. Die kiesafdeling Omaruru het die hoogste stempersentasie (84%) behaal, terwyl die laagste stempersentasie (65%) in die kiesafdeling Gibeon behaal is. (vgl. fig.6.) 65.

---

* "Wanneer dit sal wees, kan hulle natuurlik nie sê nie."

62. Allgemeine Zeitung, 29.3.1926.

63. Buitengewone Offisiële Koerant van Suidwes-Afrika, 22.4.1926, p.2501.

64. Allgemeine Zeitung, 29.5.1926 en 2.6.1926; The Windhoek Advertiser, 29.5.1926; Ons Vriend, 27.5.1926 en 3.6.1926.

65. S.W.A.A./I/A.91/3 vol.2 Legislative Assembly, Elections: First general election, 25.5.1926. P.S. Joubert (p.77) beweer dat die Suidwesters swak gestem het, aangesien 3952 uit 'n totaal van 6093 kiesers gestem het. Die korrekte kieserstal is 6091 en Joubert het die feit dat die kiesafdelings Kolmanskuppe en Lüderitz onbestrede was heeltemal uit die oog verloor.





Fig. 6. Die verhouding van stemme uitgebring teenoor die aantal geregistreerde kiesers asook die stempersentasie van elke kiesafdeling.

Slegs drie kandidate het minder as vyftig stemme op hulle verenig en hulle deposito's verloor: C. Schmidt (Swakopmund) met 23 stemme, A.W. Tilley (Warmbad) met 45 stemme en K.H. Altmann (Gobabis) met ses stemme.[66.] Alhoewel Altmann sy kandidatuur ten gunste van Jooste teruggetrek het, was hy nog steeds die amptelike genomineerde en het sy naam op die stembriefies van die kiesafdeling Gobabis verskyn.[67.]

Die verkiesingsooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Deutscher Bund het positiewe resultate getoon, veral in die kiesafdelings Swakopmund en Gobabis. Die Nasionaliste het woord gehou en vir Blank in Swakopmund ondersteun. Hy het naelskraap met 'n meerderheid van 25 stemme gewen, nadat ongeveer 30 Nasionaliste vir hom gestem het. Blank se oorwinning kon met sekerheid toegeskryf word aan die verkiesingsooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Deutscher Bund.[68.] Blank het nie nagelaat om die Duitsers van Gobabis te bedank vir hulle onbaatsugtige optrede nie. Hy het hulle verseker dat hy hulle belange ook net so goed sou behartig soos dié van die kiesafdeling Swakopmund.[69.]

Brenner het Jooste gelukgewens met sy indrukwekkende oorwinning in Gobabis en die hoop uitgespreek "dass jetzt eine

---

66. S.W.A.A./I/A.91/3 vol.2 Legislative Assembly, Elections: First general election, 25.5.1926.

67. Allgemeine Zeitung, 29.5.1926.

68. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.96 Deutscher Bund, Swakopmund: Blank/Brenner, 27.5.1926; Deutscher Bund, Gobabis: brief Deutscher Verein Swakopmund/Deutscher Verein Gobabis, 4.7.1926.

69. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.96 Deutscher Bund, Swakopmund: brief Blank/Deutscher Verein Gobabis, 27.5.1926.

feste Brücke zwischen Ihren Freunden und uns geschlagen ist, auf die wir zu gemeinsamer Arbeit für die besten Interessen des Landes treten können." * [70.] Jooste het op sy beurt die Deutscher Bund, en in besonder die Duitse kiesers, bedank vir hulle ondersteuning tydens die verkiesing. Hy was daarvan oortuig dat 'n stewige fondament gelê is vir toekomstige samewerking tussen die twee groepe. Hy het die samewerking tussen die Duitse en Unieseksie as 'n vereiste beskou om sukses in Suidwes-Afrika te behaal. [71.]

Die verkiesingsooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Suidwesparty was egter nie 'n sukses nie. Die Suidwesparty het volgens F.J. Jooste die Nasionale Party in al vier suidelike kiesafdelings, naamlik Gobabis, Gibeon, Keetmanshoop en Warmbad geopponeer. [72.] Die feit dat die twee partyleiers, by name F.J. Jooste (Nasionale Party) en B.J.J. Smit (Suidwesparty), opposisiekandidate in die kiesafdeling Gobabis was, is 'n klinkklare bewys dat die verkiesingsooreenkoms slegs in naam bestaan het. [73.]

Die Duitse seksie was hoogs in hulle skik met die verkiesingsuitslag, veral in die lig van die feit dat hulle oor minder kiesers beskik het as die Unieseksie. Die Allgemeine Zeitung het die besondere goeie verkiesingsuitslag toegeskryf aan die ywerige deelname van die Duitse kiesers, asook die

---

* "... dat daar nou 'n stewige brug tussen u vriende en ons gebou is, waarop ons gesamentlik kan tree tot die beste voordeel van die land."

70. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.96 Deutscher Bund, Gibeon: brief Brenner/Jooste, 1.6.1926.

71. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.96 Deutscher Bund, Gibeon: brief Jooste/Brenner, 10.6.1926.

72. A.221 Gekonfiskeerde dokumente, vol.96 Deutscher Bund, Omaruru: brief Jooste/Steyn, 12.5.1926.

73. Ons Vriend, 14.5.1926.

verdeling van die Unieseksie in verskillende politieke partye. [74.]

The Windhoek Advertiser was oor die algemeen tevrede met die verkiesingsuitslag, aangesien dit in 'n groot mate aan voorverkiesingvoorspellings beantwoord het. Die feit dat die verkiesing plaasgevind het sonder veel wrywing tussen die Duitse en Unieseksie, was vir die koerant 'n verblydende teken. [75.]

Daarteenoor het Ons Vriend sy ontevredenheid uitgespreek oor die gees van wedywering en gevolglike verdeeldheid wat daar tydens die verkiesing in veral die geledere van die Unieseksie geheers het: "in stede dat met verandering van Regeringstelsel waar ons 'n bietjie meer sê kry ons ons kragte saam span, als belanghebbers, om alles in ons vermoë vir die land te doen, ontstaan daar 'n wet-ywering wie die volgende Administrateur s'n adjudante gaan wees." [76.]

## 7.5. KONSTITUERING VAN DIE WETGEWENDE VERGADERING.

Na afloop van die verkiesing het administrateur Werth 'n besondere moeilike taak gehad om die oorblywende ses lede van die Wetgewende Vergadering te benoem. Die Allgemeine Zeitung was van mening dat die Administrateur lede moes benoem wat die ekonomiese ontwikkeling van Suidwes-Afrika as eerste prioriteit sou stel, en wat in harmonie met die

---

74. Allgemeine Zeitung, 29.5.1926.

75. The Windhoek Advertiser, 29.5.1926.

76. Ons Vriend, 27.5.1926.

ander Blanke bevolkingsgroepe sou saamwerk. [77] Indien die Administrateur 'n gelyke verdeling van setels in die Wetgewende Vergadering wou bewerkstellig, moes hy twee lede van die Duitse seksie en vier lede van die Unieseksie benoem. Dit sou egter nie billik teenoor die Duitse seksie wees nie. [78] Die Administrateur het desnieteenstaande twee lede van die Duitse seksie en vier lede van die Unieseksie benoem, sodat elke seksie oor nege lede in die Wetgewende Vergadering beskik het. Die Administrateur het I.J.J. Buys (Noasanabis), G.G. Curtis (Keetmanshoop), J.G. de Wet (Rehoboth), P.K. Guhr (Gobabis), A. Stauch (Windhoek) en C.J. van Tonder (Otjiwarongo ) as lede van die Uitvoerende Komitee benoem. [79]

Die opening van die eerste Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika wat op 15 Junie 1926 plaasgevind het, het 'n nuwe kader in die konstitusionele geskiedenis van Suidwes-Afrika ingelui. Dié dag is deur die Administrateur tot 'n openbare vakansiedag verklaar. Generaal J.B.M. Hertzog het in 'n telegram die hoop uitgespreek dat die Wetgewende Vergadering se werk te alle tye met sukses bekroon sou word. Die Administrateur het die lede in sy verwelkomingstoespraak versoek om nasionaliteitsverskille te vermy. Hy het hulle gewys op die groot taak wat op hulle gewag het: "Op u, as die volksverteenwoordigers, rus daar 'n groot verantwoordelikheid. Die toekoms van Suidwes-Afrika is in u hande, om dit te maak of te breek, soos u verkies." [80]

---

77. Allgemeine Zeitung, 2.6.1926.

78. Ons Vriend, 10.6.1926.

79. Offisiële Koerant van Suidwes-Afrika, 15.6.1926, p.2595.

80. Ons Vriend, 17.6.1926; The Windhoek Advertiser, 16.6.1926.



Die eerste Wetgewende Vergadering (S.W.A. Argiefbewaarplek, Windhoek.)

Voor: F.W. Kegel, D.W.F.E. Ballot, Kol. G. Curtis, A.J. Werth (Administrateur), A. Voigts, F.J. Jooste, H.P. Smit (Sekretaris van Suidwes-Afrika).

Middel: P.G. Bruchhausen (privaat sekretaris van die Administrateur), C.H.B. Oberholzer, P. Müller, B.J. Espach, A. Stauch, W.F. Fischer, H.H.W. Bense (Sekretaris van die Wetgewende Vergadering), J.G. de Wet.

Agter: C.F.T. Westenfeld, R. Kilpin (Sekretaris van die Unieparlement), Dr. H.B.K. Hirsekorn, P. Guhr, C.J.F. Grobler, I.J. Buys, Kommandant C.J. van Tonder.

Afwesig: R. Blank.

Luitenant-kolonel G. Curtis is verkies tot voorsitter van die Wetgewende Vergadering, terwyl A. Stauch sou optree as ondervoorsitter en voorsitter van komitees. Die Wetgewende Vergadering het D.W.F.E. Ballot, F.J. Jooste, F.W. Kegel en A. Voigts tot lede van die Uitvoerende Komitee verkies.[81.] Die Duitse en Unieseksie het sodoende albei oor twee lede in die Uitvoerende Komitee beskik.

Die vernaamste probleme waarmee die eerste Wetgewende Vergadering te kampe sou hê, was die verbetering van die finansiële posisie van Suidwes-Afrika, asook die harmoniese samewerking tussen die Duitse en Unieseksie. Die lede moes binne die eerste drie jaar bewys lewer dat hulle oor die vermoë beskik het om Suidwes-Afrika doeltreffend te bestuur. Die Unieregering sou dan met graagte die tydelik gereserveerde bevoegdhede aan die Wetgewende Vergadering oordra.

---

81. Notule van die Wetgewende Vergadering. Eerste sessie - eerste vergadering, 1926, p.v.